NR. 5

8 FEBRUARIE 2023

# MENLO-WEEKLIKS

Bly elke week op hoogte van ons Parkie-gebeure

## BOODSKAP VAN HOOF

**'n Gedissiplineerde lewe**
"Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie."
– 1 Korintiërs 9:27

### MNR. GERHARD PIETERSE

**Beste Parkie-ouers en-personeel**

Ek deel graag die volgende "Wees Fier" momente:

Vier weke na die aanbreek van die nuwe skooljaar, kan ons met vertroue terugvoer gee rakende die akademiese vordering in die skool. Ek wil dus die geleentheid gebruik om aan u die nodige gemoedsrus te bied sover dit die akademie aangaan. Ons personeel het skouer aan die wiel gesit sedert dag een van die nuwe skooljaar en is in pas met die akademiese doelwitte wat gestel is vir kwartaal een. Die intersenfase begin dan ook Donderdag 9 Februarie met hul toetsreeks – baie sterkte daarmee.

**Sport en Kultuur:**

**Atletiek**:
Dit was vier weke van baie aksie op die atletiekbaan. Wat o.a die volgende ingesluit het:

- Interhuis
- Vriendskaplike tuisbyeenkoms saam Wierdapark en Anton va Wouw
- Vriendskaplike byeenkomste te Kruinsig(Kemtonpark) en Proteapark(Rustenburg)
- Top 10-byeenkoms (Waterloof Hoërskool), Wyksbyeenkoms(Constantiapark, uitgereën) en Clusterbyeenkoms(Garsfontein)

Baie sterkte aan ons atlete en afrigters wat gekwalifiseer het vir die distriksbyeenkoms.

**Swem**:
Ons swemmers is ook reeds vroeg in die jaar, hard aan die werk. Die interhuis swem is suksesvol aangebied by Die Hoërskool Menlopark met 'n groot getal leerderdeelname. Die swemliga het afgeskop op Vrydag 3, Februarie, baie sterkte aan ons swemmers vir die res van die liga wat voorlê.

**Tennis**:
Interne tennisdag het plaasgevind, en oefening vind weekliks plaas. Die tennisliga het ook reeds afgeskop.

**Skaak**:
Uitspele vind plaas soos aangedui en daar is begin met groepsafrigting in die middae. In die grondslagfase word skaak ook as 'n vak aangebied en kry ons kinders hier baie goeie blootstelling aan hierdie verrykende sportsoort.

**Rugby en Netbal:**
Interne Rugby- en Netbaldag vind plaas op 14 Februarie, hou gerus die nuus dop. Proewe is geskeduleer vir Saterdag 11 Februarie(Netbal O/10 – O/13, Rugby O/09 – O/13)

**Ruitersport**:
Ruitersport het 'n aanvang geneem, hul eeste optrede vind plaas op 11,12 Februarie. Sterkte aan ons ruiters met hul voorbereiding.

**Gholf**:
Uitdunne vind eersdaags plaas, hou asb die nuus dop vir meer inligting.

**Redenaars**:
Gemsbokkie-redenaars vind plaas soos aangedui. Hierdie dien dan ook as uitdunne vir ATKV- en Super 12- redenaars. Baie geluk met puik toesprake wat reeds gelewer is.

**Kore**:
Dankie aan beide junior- en seniorkore wat reeds 'n oefenkamp agter die rug het. Sterkte met 'n volgepakte seisoen wat vir jul voorlê.

**Voortrekkers**:
Baie geluk aan die Kruithoring Voortrekkers wat saam met die skool hul 70ste bestaansjaar vier. Hierdie is inderdaad 'n organisasie wat die toets van die tye deurstaan het. Hulle is tans ook aktief besig met hul spanbyeenkomste wat twee weekliks plaasvind.

Gaan lees gerus meer oor ons sport- en kultuuraktiwiteite in die aangehegte Menlo-weekliks.

**Kapitaalprojekte**:
Met dank aan die beheerliggaam vir 'n paar goeie verbeterings aan ons terrein en fasiliteite. Ons dink o.a aan die plaveisel en teer aan die buitekant van die skool, opgradering van paviljoen wat tans nog onder konstruksie is, opgradering van ons tuine binne die skool, besproeiïng op sportvelde/speelterrein, opgradering en verf van sekere geboue en installering van 'n kragopwekker om die las van beurtkrag te oorbrug.

Baie geluk ook aan elke ouer en kind wat in die komende week verjaar. Vreugde en voorspoed word u toegewens vir die nuwe lewensjaar.

'n Voorspoedige week word u toegewens.
Wees Fier!

Groete

Gerhard Pieterse
Hoof



# DAGBOEK

| WOENSDAG 8 FEBRUARIE 2023 | |
|---|---|
| 06:30 | Tennis: Oefening |
| 08:00 | Algemene kennis: Gr. 4-7 |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| 13:30 | Skaak: Uitspele vir ligaspanne (gr. 2-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:45 | Seniorkoor: Oefening |
| 14:30 | Netbal: "Advanced rule discussion" |
| 15:00 | Atletiek: Oefening (Distrik-atlete) |
| 15:00 | Redenaars: Gemsbokkie-middag (Snr.) in die saal |
| **DONDERDAG 9 FEBRUARIE 2023** | |
| 06:15 | Swem: Oefening |
| 08:00 | Atletiek: Cluster indien dit reën op 7 Februarie |
| 08:44 | ISF: Toets: NW en Tegnologie (gr. 4-6) |
| 08:44 | ISF: Toets: EBW (gr. 7) |
| 13:30 | Robotika: Gr.4 |
| 14:00 | Atletiek: Oefening (Distrik-atlete) |
| 14:30 | Robotika: Gr.5 |
| 17:30 | Hokkie: Inligtingsaand vir o/13 seuns en-dogters |
| **VRYDAG 10 FEBRUARIE 2023** | |
| 13:30 | Robotika: Gr.4 |
| 14:00 | Gholf: Uitdunne |
| 14:30 | Robotika: Gr.5 |
| **SATERDAG 11 FEBRUARIE 2023** | |
| 08:00 | Netbal: Proewe (o/10 en o/11) |
| 08:00 | Rugby: Proewe (o/9) |
| 08:00 | Ruitersport |
| 09:00 | Netbal: Proewe (o/12 en o/13) |
| 09:00 | Rugby: Proewe (o/10) |
| 10:00 | Rugby: Proewe (o/11) |
| 11:15 | Rugby: Proewe (Oop spanne) |
| **SONDAG 12 FEBRUARIE 2023** | |
| 08:00 | Ruitersport |
| **MAANDAG 13 FEBRUARIE 2023** | |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 2-3) |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 4-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:30 | Krieket: Oefening (gr. 1) |
| 13:30 | Redenaars: gr.7-Span |
| 14:00 | Tennis: Liga |
| 14:30 | Atletiek: Oefening (Distrik-atlete) |
| 17:30 | Seniorkoor: Oefening |
| 17:30 | Rugby: Bulletjie oefening |
| **DINSDAG 14 FEBRUARIE 2023** | |
| 06:15 | Swem: Oefening |
| 06:30 | Tennis: Oefening |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 14:00 | Interne rugby- en netbaldag |
| 14:00 | Swem: Oefening |
| 14:00 | Atletiek: Oefening (Distrik-atlete) |

| | |
|---|---|
| **WOENSDAG 15 FEBRUARIE 2023** | |
| 06:30 | Tennis: Oefening |
| 07:30 | Klere-inspeksie (gr. 1-7) |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| 13:30 | Skaak: Uitspele vir ligaspanne (gr. 2-7) |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| | Seniorkoor: GEEN oefening |
| 14:30 | Netbal: "Beginner rule discussion" te Midstream College |
| 15:00 | Rugby: Oefening |
| 15:00 | Atletiek: Oefening (Distrik-atlete) |
| 16:30 | Voortrekkers: Spanbyeenkoms |
| **DONDERDAG 16 FEBRUARIE 2023** | |
| 06:15 | Swem: Oefening |
| 08:44 | ISF: Toets: Wiskunde (gr. 4-7) |
| 14:00 | Rugby: Oefening |
| 14:00 | Atletiek: Oefening (Distrik-atlete) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – o/13) |
| **VRYDAG 17 FEBRUARIE 2023** | |
| 08:00 | Studente: Proeftydperk eindig (Tukkies) |
| 14:00 | Swem: Liga te Woodhill |
| **SATERDAG 18 FEBRUARIE 2023** | |
| | |

70 wees fier!

# Aloha

## Valentynsokkie!

Ons nooi alle Gr. 5 - Gr. 7 parkies om saam te kom lag en dans...

**Trek aan volgens die Hawaii tema en kom geniet die aand saam met jou maats!**

**16 Februarie**
**18:00 - 20:00**
**Toegang: R30**

Onthou ekstra geld vir SNOEPIE!

Prys vir seun en dogter met die beste Hawaii uitrusting!

BETAAL ASB EFT MET VERWYSING:

## HOE OM 'N ONDERSTEUNENDE LEEROMGEWING TUIS TE SKEP.

- **Duidelike instruksies** moet ten alle tye deurgegee word aan leerlinge, ouers en enige ander partye wat met leerling/e by die huis werk. Hierdie instruksies is daar om bogenoemde partye te help en te ondersteun wanneer leerlinge om watter rede ookal, vanaf die huis moet werk. Die instruksies moet van so aard wees dat wie ookal met die leerlinge werk, dit op 'n eenvoudige manier aan dié leerlinge kan oordra.

- **Riglyne om te leer** moet duidelik uiteengesit word sodat leerlinge ten alle tye sal verstaan wat om te doen wanneer hulle vanaf die huis moet leer, soms sonder die ondersteuning van 'n derde party.

- Leerling **'toewysing'** kan ook plaasvind sodat onderwysers leerlinge soms in leergroepe kan verdeel of ondersteunings-groepe wanneer sekere onderwerpe aanlyn verduidelik moet word as deel van leerlingondersteuning.

- Duidelike **roetines** moet steeds tuis beoefen word sodat leerlinge optimaal kan funsioneer asof hulle by die skool sou wees. Leerlinge het almal tans roosters wat hulle kan volg en hulle dag daarvolgens beplan. Dis ook ter ondersteuning van die persone wat hierdie leerlinge moet help.

- Voldoende **kommunikasie** is steeds belangrik en moet kreatiewe maniere soms ondersoek word om die aandag en belangstelling van leerlinge te behou. Leerlinge kan hierdie platvorm ook dan gebruik om gereeld met onderwysers te kommunikeer en potensiële onduidelikhede uit te skakel.

- Onderwysers kan 'n **skedule** saamstel om te help met beplanning wanneer daar addisionele interaksie moet plaasvind vir leerlinge om vrae aan onderwysers te stel. Hierdie skedule sal ondersteuning bied tot die vordering van leerlinge tuis.

(Kontakbesonderhede van ouers is daarom van kardinale belang en moet maklik beskikbaar wees vir onderwysers.)

- **Vorming van selfstandige leerlinge** bly altyd prioriteit. Hierdie proses sal tyd vat en sal ook verskillend wees van graad tot graad. Onderwysers moet riglyne op so 'n manier deurgee dat leerlinge onafhanklik kan groei maar ook terselftetyd hulle eie doelwitte kan saamstel en bereik.

- Die klem moet altyd op **ondersteuning** bly sodat leerlinge steeds veilig en gemaklik tuis onderrig kan word. Take en opdragte moet duidelik deurgegee word sowel as deeglike hersiening en of herhaling. Leerlinge moet gehelp wil word deur hierdie ondersteuning maar ook gemaklik wees met veranderinge en vrae kan vra.

**<u>VERSTAAN UITDAGINGS TUIS.</u>**

- Watter platvorm onderwysers ookal kies om ondersteuning te bied, inligting en verwagtinge moet **realisties** wees. Nie alle leerlinge het toegang tot dieselfde hulpbronne nie, veral as ouers die heeldag werk. Geen kind kan/mag benadeel word a.g.v. sy/haar omstandighede en omgewing nie.

- Baie huisgesinne sal steeds van die skool afhanklik wees t.o.v. hardekopieë en praktiese **bystand** tot vakke soos bv. Kuns, Wetenskap en Tegnologie, waar eksperimente en tekeninge plaasvind.

**<u>Opsommend:</u>**

**Verantwoordelikheid van die onderwyser:**

Onderwysers moet begrip hê vir verskillende leerlinge en hulle omstandighede asook leerlinge wat tuis onderrig moet word.

**Professionaliteit** is aan die orde van die dag en moet daar altyd op 'n **werkbare en eenvoudige beginsel hulpverlening gebied word.**

Indentifiseer baie duidelik wat **verwag** word. Verskaf die nodige **hulpbronne** en middele. Duidelike **instruksies** moet altyd deurgegee word en hou ouers **ingelig** oor verwikkelinge.

**Verantwoordelikheid van ouers en leerlinge:**

Skep ‘n haalbare **roetine** vir u kind en maak dit duidelik aan u kind/ers dat daar ‘n **verantwoordelikheid** by hulle lê t.o.v. skool-en leerwerk. **Monitering** van leerling-vordering moet plaasvind asook motivering om aan te hou werk is baie belangrik. **Hou kontak** met onderwysers en lig personeel dadelik in van enige verandering en/of uitdagings wat ondervind mag word. Wees altyd **positief** teenoor die skool.

# LAERSKOOL MENLOPARK

**TOETSROOSTER:**

***Graad 4-7***

**EERSTE KWARTAAL 2023**

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Do. 19 Januarie | - | - | - | AFRIKAANS (Begripstoets) |
| Do. 26 Januarie | ENGELS (Comprehension) | ENGELS (Comprehension) | ENGELS (Comprehension) | ENGELS (Comprehension) |
| Do. 2 Februarie | AFRIKAANS (Begripstoets) | AFRIKAANS (Begripstoets) | AFRIKAANS (Begripstoets) | TEGNOLOGIE |
| Do. 9 Februarie | NW en TEG | NW en TEG | NW en TEG | EBW |
| Do. 16 Februarie | WISKUNDE | WISKUNDE | WISKUNDE | WISKUNDE |
| Di. 21 Februarie | SW (Geografie) | SW (Geografie) | SW (Geografie) | SW (Geografie) |
| Do. 23 Februarie | - | SW (Geskiedenis) | SW (Geskiedenis) | SW (Geskiedenis) |
| Do. 2 Maart | AFRIKAANS (Taalkunde) | AFRIKAANS (Taalkunde) | AFRIKAANS (Taalkunde) | NW |

**Belangrike inligting:**

- **Kwartaaltoetse word op Donderdae geskryf. *BEHALWE SW: Geografie word op Dinsdag, 21 Februarie geskryf.***
- **Toetsperiodes is 50 minute lank.**
- ***Geen* toetse word in Lewensvaardigheid (teorie) en Kunste geskryf nie.**
- **Werksafbakeninge sal elke Donderdag aan leerlinge uitgedeel word, en moet agter in hul skrifte geplak word. Ouers/Voogde moet asseblief die afbakening teken.**
- **Werksafbakening sal ook op Google Classroom gelaai word.**

# KOOR

**ME. S. COETZER**

Liewe Nagtegaal Mammas en Pappas

Ons kyk met groot dankbaarheid terug na die afgelope naweek se **koorkamp**. Die nagtegale het berge versit en selfs in die gietende stormreën hulself hoorbaar gemaak. Daar is nie net hard gewerk nie, ook lekker geëet en malvalekkers gebraai. ‘n Hoogtepunt was die besoek van Drumbusters op Saterdag. Daar is heerlik trom gespeel, span gebou en na die mooiste saksofoonmusiek geluister. **Ons sien uit na ‘n opwindende koorjaar.**

Dankie aan die ouers wat kom help het, Juffrou Carien, Juffrou Henriëtte en Juffrou Corlia wat hierdie koorkamp ‘n groot sukses gemaak het.

**Let wel: Daar is nie ‘n kooroefening op Woensdag 15 Februarie agv. ‘n vergadering wat plaasvind.**



# GHOLF

**MNR. C. ESTERHUIZEN**

Na ‘n suksesvolle 2022 met goeie liga uitslae en ‘n tweede posisie in die jaarlikse Super 12, sien ons uit na ‘n unieke jaar se gholf. Hierdie jaar se gholf bied verskeie geleethede vir spelers om deel te vorm van die skoolspanne.

Die program sluit in: Uitdunne / Ernie Els-uitspele toernooi / proewe / liga en die Super 12

Uitdunne dien as ‘n geleentheid vir spelers om deur die skool op ‘n geallokeerde Vrydag, ‘n 9-putjie rondte te speel en die telkaart in te dien. Daar sal 3 vierballe bespreek word by Pretoria Country Club op die spesifieke Vrydae, dus is 12 spelers welkom om in te skryf.

Leerders word in die derde kwartaal genooi na die proewe en daarvolgens kies ons 2 ligaspanne. Alle telkaarte word deur die jaar in ag geneem.

Afrigting word tans aangebied deur die gholf akademie @ Hoërskool Menlopark. Kontak gerus vir Mnr. Nico van Eeden ( nico.vaneeden@menlopark.co.za ) m.b.t beskikbaarheid en fooie.

**Belangrike datums:**

| | |
|---|---|
| **Uitdunne** | Kwartaal 1:<br>10 Februarie ; 10 Maart ;17 Maart<br>Kwartaal 2:<br>14 April ; 21 April; 9 Junie |
| **Ernie Els Uitspele** | Kwartaal2: (TBC) |
| **Proewe** | Kwartaal 3:<br>10 en 17 September |
| **Liga bepalings** | Kwartaal 4:<br>16, 23 en 30 Oktober ( 2 vierbal spanne) (Venue TBC) |
| **Super 12** | Kwartaal 4: 1ste Span (vierbal) Dame span (tweebal) (TBC) |

Gebruik asb. hierdie skakel om te bevestig watter van die uitdunne die speler gaan bywoon. Poog asb. om al 6 geleenthede by te woon. Sodra ons alle inligting ontvang het sal ons die leerders plaas en bepalings uitstuur.

Kliek hier

**Hiermee die skakel om op die WhatssApp groep te wees**

Whatsapp

# BERGFIETS

**ME. A. BESTER**

Ons skop ons bergfiets-seisoen af met 'n groot fees op die **8ste Maart,** vanaf **15:30-16:30** by die **pump-track** oorkant Laerskool Menlopark.

Bring jou fiets, valhelm en waterbottel saam en kom kyk waaroor bergfiets gaan.

**Belangrike datums vir die eerste kwartaal:**

- 8 Maart -Opedag vir bergfiets (15:30-16:30)
- 15 Maart-Oefening
- 22 Maart-Oefening
- 11 April-Massa oefening (Inligting sal deurgegee word.)
- 12 April-Oefening
- 26 April-Oefening
- 3 Mei -Oefening



**Gauteng Noord skolereeks 2023 (XCO) datums:**

- 6 Mei-Prime View Estate
- 17 Junie-Grootfontein
- 19 Augustus-Cowhouse
- 2 September-Prime View Estate
- 9 September-TBC
- 16 September-TBC

GAUTENG SCHOOLS CYCLING

# NETBAL

**ME. A. VAN HUYSSTEEN**

**Interne netbaldag 14 Februarie.**

Die interne netbaldag is ‘n feestelike dag waarvoor die gr.7-dogters verantwoordelik is. Dit is die gr,7’s se verantwoordelik om eienaarskap van hulle klasse te neem en met kreatiewe idees vorendag te kom. Die gr.7-dogters is elkeen verantwoordelik vir hulle klasse se kleredag, dansie en netbalspannetjie op die betrokke dag.

**INTERNE NETBALDAG PROGRAM-14 FEBRUARIE (10 MINUTE WEDSTRYDE)**

| TYD | GR.1 | GR.2 | TYD | GR.3 | GR.4 | GR.5 | GR.6 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Grasbaan by parkieland | Grasbaan naby tennisbane | | Weervas Baan 1 | Weervas Baan 2 | Weervas Baan 3 | Weervas Baan 4 |
| **14:15** | M-P | M-P | **14:15** | M-P | M-P | M-P | M-P |
| **14:30** | L-S | - | **14:30** | L-S | L-S | L-S | L-S |
| **14:45** | P-L | L-M | **14:45** | P-L | P-L | P-L | P-L |
| **15:00** | S-M | - | **15:00** | S-M | S-M | S-M | S-M |
| **15:15** | M-L | P-L | **15:15** | M-L | M-L | M-L | M-L |
| **15:30** | P-S | | **15:30** | P-S | P-S | P-S | P-S |
| **15:45** | PERSONEEL VS O/13 DOGTERs | | | | | | |
| **16:15** | PRYSUITDELING | | | | | | |

## Afrigtingskursus

Die afrigtingskursus word die Dr. Elsje Jordaan van Sportisimo aangebied en vind vanaf 3-5 Maart by Mutango Lodge plaas. Die afrigtingskursus is vir o/9 tot o/13 dogters. Ons mag slegs 24 spelers per ouderdom op die afrigtingskursus stuur. Die netbalproewe vir die toerspanne word gehou op Saterdag, 11 Februarie 2023 by Laerskool Menlopark. Toerbriewe sal Maandag, 13 Februarie aan spelers uitgedeel word.

**Tyd: 08:00-09:00**
Ouderdom: o/10 en o/11

**Tyd: 09:00-10:00**
Ouderdom: o/12 en o/13

Indien u kind hierdie jaar netbal wil speel kan u op die ouderdomsgroep van u kind klik om op die **Whatsapp-groep** geplaas te word.

o/7

o/8

o/9

o/10

o/11

o/12

o/13

# HOKKIE

**ME. M. COX**

Indien u kind hierdie jaar hokkie wil speel en u is nog nie op die onderskeie Whatsapp-groepe nie, kan u kliek op die ouderdomsgroep van u kind om op die groep geplaas te word.

o/10-Dogters
o/10-Seuns
o/11-Dogters
o/11-Seuns
o/12-Dogters
o/12-Seuns
o/13-Dogters
o/13-Seuns

# RUGBY

**MNR. T. VAN HEESE**

**Interne Rugby-en Netbal dag 14 Februarie.**

Alle wedstryde vind op die A-veld plaas. Seuns speel met 'n rugbybroek en enige hemp/trui tydens die wedstryde (soos julle tema bepaal). Wedstryde is 10 minute aan 'n kant. Geen rustyd. Onmiddelik kante ruil wanneer die "hooter" blaas.

**Daar mag "getackle" word!**

| Tyd | Veld A | Veld B |
|---|---|---|
| **14:00-14:25** | 1M vs 1S<br>Henry | 1P vs 1L<br>Theo |
| **14:25-14:50** | 2P vs 2L<br>Tommie | 3M vs 3S<br>Sybrand |
| **14:50-15:15** | 2P vs 2M<br>George | 3P vs 3L<br>Harley |
| **15:15-15:40** | 4M vs 4S<br>Corne | 4P vs 4L<br>Henry |
| **15:40-16:05** | 5M vs 5S<br>Harley | 5P vs 5L<br>Sybrand |
| **16:05-16:30** | 6M vs 6S<br>Tommie | 6P vs 6L<br>George |

# SWEM

**ME. C. MULLER**

Weens groot belangstelling, kon ons die beginners in drie oefengroepe verdeel. Ons versoek asseblief dat die swemmers 'n skopbordjie saam na die oefeninge toe moet bring.

**Swemoefeninge by Hoërskool Menlopark:**

| Groep | Dag | Tyd |
|---|---|---|
| Swemspan | Dinsdae en Donderdae | 06:15-07:00 |
| Beginners<br>O/7 en O/8 | Dinsdae | Groep 1: 14:00-14:30<br>Groep 2: 14:20-14:40<br>Groep 3: 14:40-15:00 |
| O/9-O/13 | Dinsdae | 14:00-15:00 |

Ouers is self verantwoordelik om die swemmers na die oefeninge te vervoer.

## Swemdatums:

| Datum | Byeenkoms | Plek |
|---|---|---|
| 17 Februarie | Friendly Friday | Woodhill College |
| 24 Februarie | Friendly Friday | Midstream College |
| 3 Maart | Friendly Friday | DSG St Mary's |
| 6 Maart | A-liga | Hillcrest |




## PARKIES PRESTEER BUITE SKOOLVERBAND

Die volgende kinders het 24 Januarie aan die **NG -Tweekamp**, se liga 4, byeenkoms deelgeneem en baie goed gevaar:

- Anrich Kruger 2de plek
- Karli Luyt 2de plek
- Elmaye vd Westhuizen 3de plek
- Lika Prinsloo 3de plek
- Mila Niemand 4de plek
- Lizé Prinsloo 4de plek
- LJ vd Westhuizen 4de plek

Ons wens alle deelemers sterkte toe wat eerskomende Saterdag aan die Noord-Gauteng interprovinsiale kampioenskappe gaan deelneem.

Vir plasings epos menloweekliks@menlolaer.co.za

# ONDERSTEUNINGS-DIENSTE

## ARBEIDSTERAPIE

Arbeidsterapie fokus op sensoriese prosessering, grof- en fyn motoriese ontwikkeling en visuele perseptuele vaardighede.

## SPRAAKTERAPIE

Spraak- en taalterapie ondersteun die ontwikkeling van spraak en taal, artikulasie en ouditiewe prosessering.

## OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE

- Volledige psigo-opvoedkundige assessering
- Leerondersteuning
- Psigo-terapie vir emosionele uitdagings
- Studiemetodes
- Ouerleiding
- Skoolgereedheid



## KONTAK ONS:

**ARBEIDSTERAPEUTE:**
Dalene Joubert / Maréza Muller
082 920 4142 / 084 674 7312

**SPRAAKTERAPEUT**
Coralié Vermaak
082 411 0166

**OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE**
Almarié Jacobs
082 468 5611

# Mammas Wat Omgee

Mammas Wat Omgee is 'n netwerk van biddende Christen ouers wat omgee vir hulle kinders asook die skole waarvan hulle deel is.

Indien jy graag wil deel wees van Laerskool Menlopark se Mammas Wat Omgee groep, kontak gerus vir **Rianda Maritz** op **082 524 9804**.

Kom bid saam vir ons pragtige skool, kinders, onderwysers en ouers, **Dinsdae oggende** vanaf **07:15** in die **lapa**.

*Matteus 18:20: “Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde”*

**sa@motherswhocare.co.za** **www.motherswhocare.co.za**

# Ons het die week oor alles in my tuin geleer...

## Slimmer as slim!










Ek vertel vir juffrou en my maats meer oor interessante blomme








Interessante feite

**Interessante blomme...**
**ons kweek Slimkoppe!**

# MENLO ADS

Vir plasings e-pos
menloweekliks@menlolaer.co.za





WINNERS

2017 - 2022

RAWSON

Property Group

Splinternuwe ontwikkeling reg van die ontwikkelaar is nou beskikbaar.
Met moderne afwerkings, en nuutste tegnologie is hierdie eenhede enig in sy soort.
Elke eenheid is klaar toegerus met n water meter, solar geyser, 5KW solar PV sisteem, pre-paid krag, fibre sowel as gasstoof en 24 uur sekuriteit om net n paar te noem.

Daar is 2 slaapkamer sowel as 3 slaapkamer eenhede beskikbaar met dubbel motorhuis met elektroniese deure.
Elke eenheid is ook toegerus met n klein studeer area wat die eenhede baie uniek maak.

Hierdie ongelooflike eenhede word van die 6de Februarie tot 12 Februarie geskou, met n baie spesiale geleentheid wat die 10de Februarie 16:00 plaasvind.

Jy word hartlik genooi om hierdie geleentheid saam met ons te kom geniet.


6- 9 Februarie 2023 - 15:00 - 18:00
10 Februarie 2023 - 16:00 - 19:00 ( Event )
11 Februarie 2023 - 10:00 - 18:00
12 Februarie 2023 11:00 - 18:00

Adres : Leander weg, Erf 660 Bronberg.Pretoria
IQ Leander

Bertie Lombard: 0835015511

Mariska van Heerden: 0721175211






MONDAY TO THURSDAY
13H45 TO 17H00
FRIDAY & SATURDAY ON REQUEST
PRETORIA
CONSTANTIA PARK/GARSFONTEIN
DRIVERS LICENSE
OWN CAR
H
Best AuPair Needed
For our 14 year old son with
with Down Syndrome
anne@pretorius.pro / 082 567 9709



# PRIORITIZE YOUR EYES IN 2023

- comprehensive eye examinations – **R99** for kids / **R480** adults*.
- prescription glasses, sunglasses, contact lenses & advanced contact lenses.
- most medical aids accepted.
- wide selection of frames available including kiddies frames.

**T's & C's apply**



Use this code: **MENLO20** to RECEIVE **20% DISCOUNT**

THE FAMILY OPTOMETRIST



## GET IN TOUCH WITH US

012 460 8655

084 276 0763

info@thefamilyoptometrist.co.za


463 Justice Mahomed Str, Brooklyn, Pretoria

*or book an appointment online at*

www.thefamilyoptometrist.co.za

# UPLIFTING DANCE CLASSES

## Modern



## Hip Hop



## Tap



## Contemporary



MENLO PARK 1154 JUSTICE MAHOMED STREET


**CONTACT US:**

ADMIN 063 076 1880 (WHATSAPP)


DANIELLE 082 048 7526

NADIA 083 234 9835


LIFTED

DANCE FACTORY


MENLOPARK MUSIEK AKADEMIE
Inskrywings nou oop!
Klavier, kitaar, tromme, sang en blokfluit
R1800 per kwartaal
Prakties en teorie
Kontak
marnadedekind@gmail.com
selnr: 0832309373


Drama
Dramaklasse elke dag van die week te Laerskool Menlopark vir kinders **vanaf 4 jaar**.
Deelname aan **kompetisies**.
Koste vanaf R270 per maand
Skakel asseblief **Marie Erdmann** by
**0760905531** of **012 3480803**


Abstrakte
KUNSKLASSE
2023
Klasse vir
Gr R tot Gr 7
Woensdae
by Lekkerbly Naskool
Laerskool Menlopark
Klas 1: 12:30 - 13:30
Klas 2: 13:30 - 14:30
Klas 3: 14:30 - 15:30
Klas 4: 15:30 - 16:30
Slegs 10 kinders per klas
Dina Mentz
083 279 8311

# Bags *for* Books

school. sorted.

## SENIORFASE BOEKSAKKIE PAKKET




"MENLO" BOEKSAKKIE OPSIONEEL EKSTRA @ R175







**GR. 4-6 PAKKET (7 SAKKIES)**
**R 1183**
**GR. 7 PAKKET (9 SAKKIES)**
**R 1520**
**SPESIAAL MET U KIND SE NAAM OP**

www.bagsforbooks.co.za
Saartjie 082 229 6936
hello@bagsforbooks.co.za
bags.forbooks
Bags for Books